

SPOGGERIGE SKIPPERTJIE!

saamgestel deur ANNINE VAN REENEN model PAUL van GAPA hare LUCAS van BON MODELS patroon verwerk deur SJOUKJE JORDAAN foto's MARIAM GILLAN



'n Hempstyl-oortrekrui gebrei in PATONS BEEHIVE-dubbelbreigare met 'n strepiespatroon in die kragie, mouboordjies en middellyf-rib. Die truitjie het 'n bootmotief en pragtige sierknopies om 'n regte skippervoorkoms te skep.

**Die eerste kort somervakansie begroet ons en daar is
weer tyd om die breinaalde uit te haal. Hier is 'n
gemaklike sporttruitjie vir kleinboet om die onverwagte
koue te fnuik**

KINDERTRUI MET SKIPPIE-MOTIEF

Patroon deur die Ontwerpateljee, UNISPIN

BENODIGDHEDE

Patons Beehive DK (50-g-bolle); 4(4; 5; 5) bolle wit, 1 bol vlootblou vir elke grootte; paar gram rooi; paar breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 3 knope. Gebruik slegs die aanbevole breidraad; ander soorte mag onbevredigende resultate oplewer. Die hoeveelheid is by benadering en gebaseer op deursnee-benodigdhede.

MATE

Om borsmaat van 51(56; 61; 66) te pas; lengte tot skouer 29(32; 39; 42) cm; mounaat 20(26; 30; 34) cm.

SPANNING

22 steke en 30 rye = 10 x 10 cm oor ks met 4-mm-Ne.

Gaan jou spanning sorgvuldig na; indien jy minder steke het moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

AFKORTINGS

r – brei regs; aw – brei aweregs; st(e) – steek (steke); N(e) – naald(e); alt – alternatiewe; beg – begin; vermeer – vermeerder; vermin – verminder; vlg – volgende; oorbl – oorblywende; herh – herhaal; ks – kousesteek; rif – risselsteek; rl, awl; R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk; wesk – weerskante.

Let wel: Die motief kan ingebrei word volgens aanwysings op diagram.

Gebruik 'n afsonderlike bolletjie breidraad vir elke kleur en draai drade aan agterkant ineen om gate te voorkom. Indien verkies kan die motief na voltooiing van voorpant daarop geborduur word.

VOORPANT

** Gebruik 3,25-mm-Ne en wit en stel 57(63; 67; 73) ste op. Brei rif met strepe soos volg: (2 rye wit, 2 rye vlootblou) 3 keer, vermeer 6(6; 12; 8) ste eweredig gespaseer oor die laaste VK-ry – 63(69; 79; 81) ste.**

Slaan oor na 4-mm-Ne en ks, brei tot werk 16(19; 24; 27) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-rye.

Heg breidraad vas en knip dit af soos benodig om motief in te brei:

Vlg ry: r9(12; 17; 18), brei 11 ste soos 1e ry op diagram, r tot einde.

Vlg ry: aw43(46; 51; 52), brei 11 ste soos 2e ry op diagram, aw tot einde.

Brei soos nou vasgestel, met toepaslike rye van diagram tot 8e ry van diagram voltooi is, eindig dus met 'n VK-ry.

Voorpantopening

Vlg ry: r9(12; 17; 18), brei die 11 ste van 9e ry van diagram, r9, draai, plaas



Detail van skippie, knopies en kragie.

oorbl ste op 'n reserwenaald.

Brei ste volgens diagram soos vasgestel, en brei reguit tot 15e ry van diagram voltooi is. Brei dan voort met wit en brei nog 12(14; 16; 16) rye, eindig met 'n RK-ry.

Halsvorming

Vlg ry: Heg 2 ste af, aw tot einde.

Vermin 1 st aan halsrand in vlg 8(8; 9; 10) rye, brei nog 2(2; 5; 4) rye en eindig dus met 'n VK-ry.

Skouervorming

Heg 6(7; 9; 9) ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry.

Brei 1 ry. Heg oorbl 7(8; 8; 8) ste af. Met RK voor, heg breidraad aan oorbl ste op reserwenaald vas. Heg die eerste 5 ste af, r tot einde. Voltooi om met eerste kant ooreen te stem, dus met omgekeerde vorming.

AGTERPANT

Brei soos voorpant van ** tot **.

Slaan oor na 4-mm-Ne en ks, brei tot agterpant so lank soos voorpant tot skouer is, eindig met 'n VK-rye.

Skouervorming

Heg 6(7; 9; 9) ste af aan beg van vlg 4 rye, daarna 7(8; 8; 8) ste aan beg van daaropvlg 2 rye. Plaas oorbl 25(25; 27; 29) ste op 'n reserwenaald.

MOUE (2)

Gebruik 3,25-mm-Ne en wit, stel 31(33; 35; 37) ste op en brei rif in strepe soos uiteengesit vir voorpant, vermeer 10(10; 12; 16) ste eweredig gespaseer oor laaste VK-ry – 41(43; 47; 53) ste.

Slaan oor na 4-mm-Ne en brei ks, vermeer 1 st aan weersk van 5e(7e; 7e; 9e) ry, en elke daaropvlg 4e(6e; 6e; 8e) ry tot daar 59(63; 59; 65) ste is.

Slegs 3e en 4e grootte

Vermeer 1 st aan weersk van elke vlg 8e(10e) ry tot daar 67(71) ste is.

Alle groottes

Brei reguit tot mou 20(26; 30; 34) cm lank is vanaf beg, eindig met 'n VK-ry. Heg lossies af.

KNOOPSTROOK

Met RK voor, 3,25mm-Ne en wit, tel op en r 19(21; 21; 23) ste uit reguit linker-rand van voorpantopening vir 'n meisie, of uit regterrand vir 'n seun, brei 7 rye rif en heg rifsgewys af.

KNOOPSGATSTROOK

Soos knoopstrook, maar met knoopsgate in 4e rifry soos volg:

Vlg ry (RK): rif 3, *heg 2 ste af, rif 4(5; 6; 6), die st wat op N agterbly na afhegting bygetel, herh vanaf * nog 1 keer, heg 2 ste af, rif tot einde.


Vlg ry: rif tot einde, stel 2 ste op oor elke afgehegte 2 ste van vorige ry. Brei nog 2 rye rif en heg rifsgewys af.

AFWERKING

Plaas middel van afhegrande van mou teenaan skouernate en werk mou vas. Werk sy- en mounate toe. Plaas knoopsgatstrook oor knoopstrook en werk kort onderkante vas aan afhegsteke van onderrand van voorpantopening.

Werk knope vas. Moenie pars nie. ●

DIAGRAM



SLEUTEL TOT DIAGRAM

- – wit
- – vlootblou
- – rooi